# REEKS: ONTMOETINGS MET GOD

# ONTMOETING 1: JAKOB ONTMOET GOD IN DIE NAG

## SKRIFLESING: GENESIS 28: 10 – 19 & GENESIS 32: 21 – 32

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

***Baie welkom by ons reeks van: Ontmoetings met God. Hierin is verhale van hoe God ons op onverwagte plekke en maniere ontmoet.***

***Sulke ontmoetings vul ons met sekerheid, roeping en innerlike vrede.***

***Mag jy geestelik geseën word in die reeks en nader groei aan Jesus.***

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

1. Verwelkom almal. Hoor hoe was elkeen se week.

2. **GEBED:**
   Sê veral dankie dat julle so saam kan kuier om die Skrif.

3. **LEES:**
   Genesis 28: 10 – 19

4. Watter woorde gee God om te sê Hy is by ons in moeilike tye (vers 15)

5. **Stem jy saam dat God sê (vers 15):**

   1. Hy is altyd met ons

   2. Hy hou Sy beloftes

   3. Hy is op plekke waar ons dit nie verwag nie.

6. Is dit nie bietjie verwaand om te sê in vers 20, as U dit en dat doen sal U my God wees nie!

   Stel ons nie ook dikwels voorwaardes vir God om Hom te aanbid nie.

7. **LEES:**
   Genesis 32: 21 – 32

8. Sou jy sê dat ons ook dikwels sulke stoei nagte het met die Here? (Gen. 32:24)

   Waaroor sou dit wees?

9. God gee in vers 28 vir Jakob 'n nuwe naam naamlik Israel. Van bedrieër tot vegter met God.

   Dink jy die Here gee vir jou en my ook 'n nuwe identiteit? Wat sou dit wees?

10. **ONTHOU:**
    Hy wil hê in ons worstelinge moet ons vertrou op God.

11. **GEBED:**
    Sê dankie dat ons in ons worsteltye op Hom kan vertrou en staatmaak